## Graad 9 Opvoedersgids

**Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre bied met graagte agt (8) leseenhede aan wat die Graad 9 KABV (CAPS) onderwerp dek:**

***Mislukking van die Weimar Republiek van Duitsland, die opkoms van Nazi-Duitsland, aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog in Europa, die Holocaust, mense se ondervindinge en weerstand.***

### Eenheid 4

- Mense se ondervindinge: **Waarom was die Jode uitgesonder as Duitsland se grootste vyand?**

**Teen die einde van die eenheid behoort die leerlinge bekend te wees met**

1. Die term: **antisemitisme**
2. Hoe die Joodse mense deur die Christelike kerk en gemeenskap beskou was
3. Hoe anti-Joodse gevoel verander met gebeure in die wêreldgemeenskap

In hierdie eenheid word die volgende deur die leerlinge behandel:

1. Die term: **antisemitisme** en hoe dit in die menslike samelewing toegepas is.
2. Hoe die Christelike kerk en gemeenskap ***Joodse mense gestereotipeer en as sondebok aangewys het***.
3. Hoe anti-Joodse gevoelens deur die eeue met gebeure in die menslike samelewing verander het en hoe die vals teorie van ras die beskouing van Jode geaffekteer het.

Punte kan toegeken word aan die hieropvolgende vrae. Voorgestelde totale word hieronder ingesluit. As onderwyser is jy egter vry om jou eie puntetoekenning aan te wys gebaseer op jou leeruitkomste. Die vrae kan ook gebruik word vir hersiening en uitbreidingswerk.

**Vrae en Voorgestelde Antwoorde (10 punte)**

1. ***Verskaf 'n rede hoekom jy dink Jode nie tot die Christelike geloof wou bekeer nie.***

   In die Joodse geloof glo hulle in die bestaan van een God. Jode glo nie dat Jesus die Seun van God is nie. (2)

2. ***Verskaf 'n voorbeeld in geskiedenis waar , en waarom, Jode as sondebok beskuldig was.***

   Die Jode was wêreldwyd geblameer vir die Builepes-epidemie gedurende die Middeleeue. Mense het geen idee van die oorsprong van die siekte gehad nie. Die Jode was uitgesonder as sondebok aangesien hulle iemand wou blameer. Die Jode was egter valslik beskuldig. (Enige ander korrekte voorbeeld en verduideliking kan aanvaar word.) (2)

3. ***Dink jy dat bloed geklassifisser kan word as ''Joodse'' bloed of ''Christelike'' bloed of ''Moslem'' bloed? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.***

   Bloed kan nie volgens 'n persoon se geloof geklassifiseer word nie. Alle menslike bloed, ongeag van 'n persoon se geloofsoortuigings, word wêreldwyd volgens wetenskaplike, genetiese tipes, bv. O, A, B geïdentifiseer. (2)

4. ***Dink jy geloofsvryheid is belangrik? Skryf die redes vir jou antwoord duidelik in 5 sinne neer.***

   Verskaf volpunte vir 'n antwoord wat duidelik toon dat die leerling diep nagedink het oor hierdie vraag. (4)

**Verryking**

**Klasbespreking**: Behoort die onderrig van verskille godsdienstige gelowe 'n verpligte deel van 'n land se opvoedingsleerplan te wees?

## HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre:
http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

Yadvashem.org
https://www.yadvashem.org/odot_pdf/Microsoft%20Word%20-%205742.pdf

ushmm.org
https://www.ushmm.org/antisemitism/what-is-antisemitism